

Skriflesing: Jona 1 en 2Teks: **Jona 1:3**Sing- **Ps. 145:1,2,10,12; Ps. 63:3; Ps. 77:1,7; Ps. 65:2,7****Jona 1 en 2****Jon 1:1** En die woord van die HERE het gekom tot Jona, die seun van Amittai, en gesê:**Jon 1:2** Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé en preek daarteen, want hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig.**Jon 1:3** Maar Jona het hom klaargemaak om na Tarsis te vlug, van die aangesig van die HERE af weg; en hy het na Jafo afgegaan en 'n skip gevind wat na Tarsis sou vaar. En hy het die reisgeld daarvoor betaal en daarin geklim om saam met hulle na Tarsis te vaar, van die aangesig van die HERE af weg.**Jon 1:4** Maar die HERE het 'n sterk wind op die see gewerp, en toe daar 'n groot storm op die see ontstaan, het die skip gevaar geloop om skipbreuk te ly.**Jon 1:5** Toe word die seeliede bang—hulle het elkeen tot sy god geroep en die lading wat in die skip was, in die see gegooi om vir hulle verligting aan te bring. Maar Jona het na die onderste dele van die skip afgeklim en daar gaan lê en vas aan die slaap geraak.**Jon 1:6** Daarop kom die skeepskaptein na hom toe aan en sê vir hom: Wat makeer jou dat jy so vas slaap? Staan op, roep tot jou God! Miskien sal dié God aan ons dink, sodat ons nie vergaan nie.**Jon 1:7** Hulle sê toe vir mekaar: Kom en laat ons loot; dan sal ons weet om wie se ontwil hierdie ramp ons getref het. En hulle het geloot, en die lot het op Jona geval.**Jon 1:8** En hulle sê vir hom: Vertel ons tog om wie se ontwil hierdie ramp ons getref het? Wat is jou nering? En waar kom jy vandaan? Wat is jou geboorteland, en uit watter volk is jy?**Jon 1:9** En hy antwoord hulle: Ek is 'n Hebreër, en ek vrees die HERE, die God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het.**Jon 1:10** Toe word die manne baie bang en sê vir hom: Wat het jy nou gedoen! Want die manne het geweet dat hy van die aangesig van die HERE af wegvlug; want hy het hulle dit te kenne gegee.**Jon 1:11** Verder sê hulle vir hom: Wat moet ons met jou doen, sodat die see om ons heen kan bedaar? —want die see het hoe langer hoe onstuimiger geword.**Jon 1:12** En hy antwoord hulle: Neem my en gooi my in die see; dan sal die see om julle heen bedaar; want ek weet dat om my ontwil hierdie groot storm oor julle gekom het.**Jon 1:13** Nogtans het die manne geroei om die skip weer land toe te bring; maar hulle kon nie, omdat die see hoe langer hoe onstuimiger teen hulle geword het.**Jon 1:14** Toe roep hulle tot die HERE en sê: Ag, HERE, laat ons tog nie vergaan weens die lewe van hierdie man nie, en bring geen onskuldige bloed oor ons nie; want U, HERE, het gedoen na u welbehae.**Jon 1:15** En hulle het Jona geneem en hom in die see gegooi. En die see het stil geword van sy onstuimigheid.**Jon 1:16** Toe het die manne die HERE gevrees met 'n groot vrees en 'n slagoffer aan die HERE gebring en geloftes gedoen.**Jon 1:17** En die HERE het 'n groot vis beskik om Jona in te sluk; en Jona was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis.**Jon 2:1** En Jona het tot die HERE sy God gebid uit die ingewande van die vis**Jon 2:2** en gesê: Uit my benoudheid het ek die HERE aangeroop, en Hy het my verhoor; uit die binneste van die doderyk het ek geroep om hulp—U het my stem gehoor.**Jon 2:3** U tog het my in die diepte gewerp, in die hart van die see, sodat 'n stroom my omring het; al u bare en u golwe het oor my heengegaan.**Jon 2:4** Toe het ek gesê: Ek is weggestoot, weg van u oë; tog sal ek weer u heilige tempel aanskou.**Jon 2:5** Waters het my omring tot aan die siel toe, die vloed was rondom my; seegras was om my hoof gedraai.

Jon 2:6 Ek het afgedaal tot by die grondslae van die berge, die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit; maar U het my lewe uit die kuil opgetrek, HERE my God!

Jon 2:7 Toe my siel in my versmag het, het ek aan die HERE gedink; en my gebed het tot by U gekom in u heilige tempel.

Jon 2:8 Die wat nietige afgode vereer, verlaat die Een wat vir hulle goedertieren is.

Jon 2:9 Ek daarenteen sal aan U offer met 'n stem van lof; wat ek beloof het, sal ek betaal. Die heil behoort aan die HERE.

Jon 2:10 Daarop het die HERE die vis beveel om Jona op die droë grond uit te spuu.

Skriflesing: Jona 1 en 2

Teks: Jona 1:3

Sing- Ps. 145:1,2,10,12; Ps. 63:3; Ps. 77:1,7; Ps. 65:2,7

Met die profesie van Jona word ons in ons reeks rondom die twaalfal profete tot 'n

besondere soort van gebeure ingelyf. Broeder en suster, deur gewoon te sê daar is nie nog so 'n boek in die Bybel soos Jona nie, is eintlik maklik bewysbaar. Om van God op see te probeer wegvlug, om in die see gegooi te word maar jy word deel van 'n vis se ingewande, hy bid binne die vis, hy word uitgespoeg waar God die vis heen stuur, nie waar hy wat Jona wil gaan nie. Jona moet gaan preek waar hy werklik gedink het dit die minste sal werk. Hy het nie tyd vir hierdie mense nie, hy hou eenvoudig nie van hulle nie, want hierdie is my volk se vyande. Met hulle wil hy eintlik op geen wyse niks, niks mee te doen hê nie. Sê nou maar die ondenkbare word denkbaar, sê nou maar die stad bekeer hulle, dit wou Jona op geen manier eers oorweeg nie. Daar mag vir hulle nie genade wees nie. So 'n profeet was Jona. Dan eindig die boek nie met 'n punt of 'n uitroepeteken nie, maar met 'n vraagteken. Inderdaad daar is nie nog so 'n boek in die Bybel nie.

Waar begin die dinge- by Jona 'n eenvoudige man wat seker maar soos Amos ook net 'n boer was, 'n herder, hy kom nie van die plekke waar die kultuurskatte vergader lê nie, eenvoudig in sy afkoms, eenvoudig ook in sy opvattinge. Hy kom van Amittai, afkomstig uit Gat-Hefer noordoos van Nasaret. Afkomstig uit die stam van Sebulon, ja as ons maar net weer 'n oomblik Jakob se seën oor sy seun Sebulon lees – Gen. 49:13 dan staan daar *13 Sébulon sal woon by die strand van die see; en hy sal by die strand van die skepe wees, met die sykant na Sidon toe.* Tog aangrypend as Jakob van skepe praat, dinge wat Sebulon op die strand en op die see gaan aantref, daar waar die skepe is, dan leef Jona so bietjie meer as 750vC, Jakob het geleef omtrent 1000 jaar voor Jona, Jakob het gesterwe so 1680 v.C. dan tref dit ons hoe die dinge van Sebulon, tog wel in Jona weer na vore kom. Dinge wat Jakob oor Sebulon sê staan nie los van Jona 'n kind uit die geslag van Sebulon nie. God se Woord bly aangrypend in wat die breedte is, om nie eers van sy diepte te praat nie.

Wanneer ons vanoggend hierdie deel voor ons oopmaak doen ek dit eerstens aan die hand van hoe Jona teruggedeins het. In die tweede plek staan Jona voor 'n toets wat as toets vir die kerk gesien moet word. In die laaste plek om te beleef wat jy bely.

Hoe Jona teruggedeins het:

In al die baie kommentare wat daar al oor Jona geskryf is, is so baie hiervan op menslike oorwegings gegrond. Daar word vasgesteek by wat mense dink, hier het ons eintlik net 'n soort van beeldspraak (allegorie). 'n Bekende vroeëre Eerste minister DF Malan, eers teoloog en predikant was ook die mening toegedaan soos die rigting van die Hoër kritiek hom in Utrecht Nederland onder prof. Valeton geleer het, het Malan ook geglo die verhaal van Jona is 'n allegorie. Die vis verteenwoordig die Assiriese moeder en Jona is Israel. Assirië gaan Israel oorwin daarom die beeldspraak in die vis wat die mens insluk. Assirië as politieke moondheid het Israel ingesluk.

Die mense redeneer dat daar altyd tussen feite en waarheid 'n onderskeid gemaak moet word. Wanneer ons dan met legendes en mites en allegorieë te doen kry dan het dit baie met die waarheid te doen maar is nie noodwendig feite wat hier opgeteken staan nie. Al is die verhaal nie feitelik korrek nie kan die Heilige Gees wel dan die verhaal gebruik om geestelike en morele waarhede oor te dra. Om 'n verhaal tot 'n allegorie te verklaar het Malan geglo doen geen afbreuk aan die waarde van God se openbaring nie.

Hiermee het ons ou vadere ook al gedwaal, daarom gaan ons hoegenaamd nie die rigting van die Hoër kritiek met Jona volg nie, maar ons sien Jona as historiese waarheid, feitelik het hierdie dinge wat hier staan waarlik gebeur want hierdie historiese gebeurtenis het met 'n werklike sending, werklike plekke, werklik mense te doen. Almal kom te staan voor die een grote God, die enigste waaragtige God wat die Skepper van see en land is, want sien ons in Jona in besonder God se vrymag waar Hy sy oordeel grensloos kan uitspreek, maar sy genade is ook grensloos. Dit gaan nie soos die metodisme die klem wil lê op die wen van siele nie, maar in Jona word hy na 'n groot, 'n verskriklike groot stad gestuur, want God wil ook stede wen, God wil nasies wen.

Daarom geliefdes moet ons eerste gedagte vanoggend wees God het Jona geroep. Roeping en die betekenis van roeping en die deurwerking van roeping, nooit moet u dink dit is nou genoegsaam beklemtoon. Roeping in die lewe van God se kinders kan nooit genoegsaam beklemtoon word nie. Jona staan tussen die profete, dit is hoe ons hom moet beskou as

profeet, as dominee van daardie tyd, hy moet profeet van God wees, opreg en eerlik en roepingsbewus moet 'n profeet voor God wees. Soos enige verkondiger van die Woord vandag nog moet wees.

In Jona wil ons dan vandag in besonder die roeping vooropstel, want geliefdes hier lê die kernprobleem wat die profesie van Jona soos 'n sleutel oopsluit. Sy roeping het hom voor God laat terugdeins. Dadelik moet ons versigtig wees om die vinger te vinnig net na Jona te wil wys, daar kan eintlik keer op keer gewys word dat waar mense met God in aanraking gekom het, het hulle voor God teruggedeins.

Ons kan dink aan Abraham het in die uitvoering van sy roeping teruggedeins, by Sodom en Gomorra het hy wel alleen na vore getree, hier bid hy in die “waag-gestalte” voor God, maar tog was daar eers terugdeinsing, Moses by die brandende bos, by die voet van Sinaiberg, wel nuuskierig maar na hy sy werklike roeping besef het hy ook teruggedeins. Elia wat teen Agab en Isebel kon uitvaar, maar direk hierna kom die terugdeinsing waar hy na die woestyn vlug en daar wens hy, hy kan sterwe. Jesaja die groot siener van die Ou Testament, tog toe God hom roep van Sy hoë verhewe troon het Jesaja teruggedeins...*wee my, ek is verlore...* So kan ons aangaan, Jeremia wat opdrag kry om nasies en koninkryke uit te ruk, om te gooi, te vernietig, te verwoes, maar wel ook te bou en te plant (Jer. 1:10) al wat Jeremia in sy terugdeinsing kon uitkry- *Ag, Here, HERE...* In die Nuwe Testament is dit nie anders nie. Paulus op pad na Damaskus, val op die grond en bewe, daarna moes hy nog lank in Arabië wees om opgelei te word. Selfs die ou gryse Johannes op Patmos hoe het hy flou geword toe Hy Christus, die Een wat roep in heerlijkheid sien.

Ja, geliefdes om van terugdeinsing te praat is nie maklik nie, maar is waarheid, is so menslik eg, selfs kan ons in Christus dit sien, waar Hy as mens na vore moes tree, soos ons later vandag sal agterkom dat daar duidelik tussen sy twee nature onderskei moet word, kan ons versigtig Hom in sy terugdeinsing hoor sê op die heiligste van grond wat daar kan wees- *My Vader as dit U wil is, ja as dit moontlik is, laat hierdie beker by my verbygaan... nogtans nie my wil nie, maar U wil.*

Broeder en suster, kortweg al hierdie voorbeelde wat ons Jona nie swakker mag maak, anders mag maak as die ander profete nie. Ons grote roeping moet ons laat terugdeins alhoewel ek

weet nooit sal God wil hê dat ek van my roeping mag weg deins nie. God laat dit nie toe nie. Daarom dat ons in die tweede plek ook moet besef-

Die toets wat vir ons as kerk hier op see plaasvind:

Om Jona reeds as profeet, as dominee in daardie tyd na vore te bring, laat ons baie meer as net Jona raaksien. Waar God profete roep het dit altyd met God se volk, sy kerk 'n verband. Geen profeet staan verbandloos, kerkloos nie, want dan sou hulle ook verbondloos gewees het. Geen mens kan ware profeet los van die verbond van God steeds nog profeet wees nie. Dit is onmoontlik! Net so min kan iemand vandag homself 'n buite-kerklike christen noem, dit is van die grootste leuens in ons tyd wat duisende hulleself wysmaak dat hulle kan christene wees sonder om lewend deel van die kerk op aarde te wees. Dit is nie alleen onmoontlik nie maar dit is 'n valsheid waarmee ons huidige tydsgees 'n klimaat skep waarvan die uiteinde nie hemels kan wees nie. 'n Stad kan nie stad wees sonder 'n boumeester waar daar ook stene en fundamente gelê moes word nie. So 'n stad het Abraham ver wag want om stad in God se oë te wees moet die kerk die fundamente en pilare voorsien. Die gemeente van God word tot op die laaste nog die pilaar en grondslag nie net van 'n stad beskou nie, maar moet die gemeente ook wees pilaar en grondslag van die waarheid (vgl. 1 Tim 3:15).

Soos die waarheid in die kerk moet wees, soos die stad in die kerk moet wees, soos die christen in die kerk moet wees, so moet die kerk in die koninkryk van God gesetel wees om steeds te wees wat dit is en wat God dit gemaak het. Sy liggaam, sy volk, sy kudde, sy gebou, sy wingerd, na alles Sý kerk.

Die kerk wat getoets word, die kerk wat selfs in die skande kan kom, wat selfs die toets van kerk-wees op sekere stadions nie slaag nie, maar wat dan weer moet word wat God dit gemaak het, Sý kerk! Hier staan Jona histories, profeties voor ons en ons besef hy maak skande, hy deins terug, hy wil nie gaan waar God Hom stuur nie, want in alle geval al sê hy wat God sê hy moet sê, sien hy agter God se Woord 'n groot gevaar raak. Die gevaar van genade is iets wat Jona laat terugdeins, hy kan dit nie aanvaar dat geloof buite sy volk en buite Israel, selfs in die midde van hulle grootste vyande, die Assiriërs 'n lewende werklikheid moet word nie. Daarvoor sal hy eerder sterwe as om vir so 'n geloof 'n lewende getuie en verkondiger te wees.

Hierdie profeet wat hy vir God moet wees, wat hy nie wil wees nie, laat hom vlug. Waar hy na Nineve moes gaan, sekerlik van die indrukwekkendste stede van daardie tyd met binnemure so breed dat strydwaens soos op snelweë bymekaar verby kon gaan en dit op die mure. Nimrod was nog die bouer van Nineve, (Gen. 10), ja Nimrod die gewelddenaar op die aarde, die begin van gewelddenaars, wat ons ook lees hy 'n geweldige jagter voor die Here was. Eers het Nimrod aan die ryk van Babel beslag gegee. Toe nog in die land Sinear, maar die toringplan het skeefgeloop. Toe het hy later blykbaar weggetrek na Assur, die woonplek van die Assiriërs en die stad Nineve begin bou. Waar die stad die naam gekry het kom van 'n godin Nina wat daar saam met Istjar vereer is. Die stad se sonde broei en stink. God het ook gesê die stad se boosheid het voor sy aangesig opgestyg.

Vir God die belangrikste is dat die stad is vol mense, vol kinders, selfs het die Here die diere en die vee en die plante, tot selfs die ou wurmpies in daardie stad gereken, waar Jona 'n preek moes lewer net 'n enkele sin lank- *Nog 40 dae dan word Nineve verwoes...* Hy moes die stad van alle kante hierdie enkele korte preek laat hoor, maar dit is vir hom net te veel. Hy meen om van God weg te kom is om 'n seevaart mooi die teenoorgestelde rigting in te vaar as waarheen God hom gestuur het.

Die terugdeinsende word die vluggende, (sy terugdeins is sy vlug) want vir Jona het daar net een hoop vir Nineve geleef is dat hierdie stad moet platgevee word, vernietig word. Daar moet nie nog met hulle gepraat word nie, nog minder moet daar gepreek word, want wie preek, preek in lewende hoop wat die verandering op hart en hand en sinne bevat. Selfs 'n preek tot vernietiging kan dadelik geïnterpreteer word, so het Jona dit geïnterpreteer as daar tyd daaraan gekoppel word (40 dae), dan sit God sy hart in die tyd. Wie luister, wie na God luister sal nie vernietig word nie. Dit is 'n Woord wat maar geglo kan word. Jona het dit ook geglo, daarom het dit hom onwillig gemaak en onwilligheid lê die hoeksteen vir ongehoorsaamheid. Jona wil geen verandering sien nie, hy verlang net vernietiging vir hulle wat sulke groot vyande van sy volk geword het.

Hy die enigste van al die profete wat so vir die volslae heidendom moes gaan preek, hoekom ek, hoekom nou... Sy vlug neem hom weswaarts waar God hom ooswaarts wou stuur. Hy dink om na Tarsis (in vandag se Spanje) die einde van die bekende Westerse wêreld te bereik, so vêr soos hy dink om te wegkom so vêr wil hy wegkom. Vanaf Jerusalem vlug hy na Joppe, die naaste hawe en met die eerste beste vragboot vaar hy die see-in. Hy wat as deel

van die kerk, deel van God se verbondsvolk gou in die wending van branders en in die oploop van 'n storm die slaap ingaan, nie om van jou moegheid te rus nie, maar sy slaap onder die boot is steeds deel van om terug te deins, om die waarheid nie in die oë te kyk nie, 'n stukkie volstruispolitiek, ek steek my kop weg met die hoop my lyf is weggesteek. Voor mense werk dit nie, nog minder sal dit voor God werk. Die skande op die boot word kerklike skande. Die heidendom gaan maak die kerk wakker, met die vraag het jy dalk 'n God wat kan help, gee jy om, omdat ons vir jou omgee. Kerklike taal wat die heidene praat.

Jona maak meer as net skande, dit word 'n tragedie wanneer die gebeure en vrae op daardie boot saamgebring moet word. Wanneer heidene nie alleen die kerk moet wakker skud nie, maar hulle die vrae begin vra wat die kerk, wat Jona veronderstel was om aan hulle te vra. Broeder en suster, hierin werk God. Die een wat die heiden ook tot bekering kan roep, die een wat die heiden 'n taal kan laat praat wat bó hulle uitstyg is ook net God.

Daarom in die taal wat gepraat word, is ons laaste vraag ook ons laaste gedagte vandag-

Om te beleef wat jy bely:

Dit is 'n ernstige probleem, broeder en suster, ons belydenis is so dikwels op ons lippe en selfs groot dele in ons koppe, maar ons harte is nie regtig hierby nie. As die Here sy kerk toets, die kerk kom in groot probleme, soos met die dominee Jona die geval was, dan sien ons God se lankmoedigheid, selfs met vluggende verbondskinders, dan beseft ons die kerk beleef so dikwels nie die belydenis van die hart nie. Eers as daar die lot gewerp is, God praat in die lot dan kom Jona tot belydenis. Jona beseft die see skud, die storm woed want God se roeping wil die wêreld skud. Hy wat voor die regbank van die heidene staan, hy is die skuldige.

Die belydenis wat vandag in ons harte moet leef is die beseft God roep my wat ek wel voor kan terugdeins maar om te dink die roeping sal weggaan is soos om die son weg te wens deur jou kamer se gordyne toe te trek. Die roeping wat God van jou verwag, daarvan mag niemand wegdeins nie. Al was daar by Abraham 'n terugdeinsing, God verseker hom ek is jou skild en Ek is God die Almagtige. Al het Moses teruggedeins, die Here gee tekens en wonders en plaes as bewysstukke van sy roeping, selfs kry hy Aäron as sy mondstuk, Elia het teruggedeins, God praat met hom in die stilte van 'n sagte koelte...*Wat maak jy hier, Elia en as Elia sy terugdeinsing probeer verduidelik dan stuur God hom op sy spore terug, 7000* ander het nie voor Baäl gebuig nie, daar is nog 'n kerk waar jy gedink het jy net 'n lidmaat is, daar is 'n verband waar jy gedink het daar geen verbond meer is nie, Jesaja het teruggedeins

maar God raak sy lippe met 'n warm gloeiende kool aan, dit vanaf die altaar geknyp, as teken van heiliging en toebereiding vir sy roeping. Selfs Jeremia wat terugdeins moet 'n Amandel tak verduidelik, die Amandel wat nie terugdeins nie, al was dit winter, nou is die somer hier, dit is die taal van die Amandel. Die eerste boom wat bloei al het geen ander boom nog geen blaar kon wys nie. Paulus se terugdeinsing word opgeklaar in die besef God se genade is vir my genoeg. Johannes op Patmos se terugdeinsing kan die magswoord van Jesus hoor- *Moenie skrik nie...*

Jona, sou nie op 'n kerkbank kerktaal praat nie, maar binne-in die vis het hy sy belydenis moes voortsit. Om nou 'n slag te beleef dit wat jou belydenis regtig is, mag nie uitbly nie. Al verdien hy die ewige dood, dit erken hy ook, maar geliefdes, dit gaan hier vandag om baie meer as net Jona. Sy belydenis wat 'n belewenis moes wees is om Christus gedraai. Selfs as hy in die diepste see-in die donkerste vis sy oë moet oopmaak waar die oë van die kop niks kan sien nie, maar die oë van die geloof praat van *die waters wat my omring het tot die dood toe, die vloed was rondom my, seegras was om my hoof gedraai*, dan kan ons nie anders as om God in sy ewige verlossingsplan in Christus te bely nie. Daar waar die mens in alle opsigte/in werklikheid moes sterf, daar kom lewe uit die dood. Daar kan die mens uit die dood van sonde opstaan. God voer sy wil deur om ons te verlos, maar sy Gees wil ons in ons wil nie los nie. Waar God wil daar moet ek wil, so roep God ons.

Ons kry in Jona eintlik alreeds die sendingroeping, die vraag is of ons luister of nie. Wees versigtig vir die leuen om te sê ek dink nie ek is geroep nie. Elke gelowige is 'n geroepene om sending te doen. Die vraag is of ons luister. God wil deur jou sy geregtigheid verkondig. God wil dat jy beleef wat jy bely. God het sy terugdeinsende profeet nie gestraf of verwyd nie, maar tog wel teruggebring. Uitgespoeg op die strand. Ja, Sebulon, kind van Sebulon- *sal woon by die strand van die see; en hy sal by die strand van die skepe wees, met die sykant na Sidon toe*. As Jakob hierdie woorde spreek dan is Jona die een wat uit hierdie geslag vir ons terugbring waar ons hoort, ja ek besef roeping is so groot, mens moet daarvoor kan terugdeins maar elke gelowige is soos Jona 'n profeet wat deur die Gees toeberei word om voor die aangesig van die lewende God hierdie boodskap aan almal te verkondig.

AMEN